Die American Stonehenge se verwysing in 1979 na die instelling van wêreldhof is 'n aankondiging van wat in die jaar 2000 begin is. Dit was die beweging vir die skepping van 'n Internasionale Kriminele Hof en 'n wêreldregering. Die klem op die natuur daardie tyd was ook die voorloper van die omgewingsbeweging van die 1990's. Die verwysing na die 'soeke na harmonie met die oneindigheid' reflekteer die moderne poging om die Judeo-Christen geloof te vervang met 'n nuwe spiritualiteit.

Die boodskap op hierdie granietblokke voorspel ook die laaste dekade se dryfveer vir Volhoubare Ontwikkeling. Elke keer wat jy die frase 'volhoubare ontwikkeling' hoor, moet jy die term 'sosialisme' in die plek daarvan gebruik om te kan verstaan wat presies bedoel word.

Die volle teks van die Earth Charter is saamgestel onder die direksie van Michael Gorbachev en Maurice Strong. In daardie dokument sal jy vind dat die klem val op dieselfde basiese punte: beheer oor produksie, wêreldregering, die belangrikheid van die natuur en 'n nuwe spiritualiteit. Die ooreenkoms tussen die idee gegraveer op die Georgia Guidestones en dié wat gepropageer word in die Earth Charter reflekteer die gemeenskaplike oorsprong van beide.

Yoko Ono, weduwee van John Lennon, het onder andere oor die American Stonehenge gesê: "Ek wil hê mense moet van die stene weet ... Ons is op pad na 'n wêreld waar ons onself dalk in die lug kan blaas en miskien sal die aarde daarna nie meer bestaan

nie ... hierdie is 'n goeie tyd om onself te hervestig, wetende dat al die pragtige dinge is in hierdie land, en die Georgia Stones simboliseer dit."

Wat is die ware betekenis van hierdie Amerikaanse Stonehenge? en hoekom is sy bedekte boodskap so belangrik? Omdat daar 'n geheime groep is wat die volgende wil hê:

1. Dramatiese vermindering van die wêreldbevolking.
2. Bevordering van omgewings (environmentalism)
3. Die vestiging van 'n wêreldregering.
4. Bevordering van 'n nuwe spiritualiteit.

Die groep wat die opdrag gegee het vir die Georgia Guidestones is sekerlik een van baie soortgelyke groepe wat saamwerk vir 'n Nuwe Wêreldorde, 'n nuwe wêreld ekonomiese sisteem en 'n nuwe wêreld spiritualiteit. Agter hierdie groepe is daar egter donker spiritualistiese magte. Sonder begrip oor daardie donker magte is dit onmoontlik om die ontvouing van wêreldgebeure te verstaan.

Die gat wat in die steen gesien kan word, is in die Middelste steen geboor sodat die Noorder Ster te eniger tyd sigbaar daardeur sal wees. Dit was een van verskeie vereistes wat deur R C Christian gestipuleer is vir die bou van die American Stonehenge. Dit reflekteer ook sy beheptheid met die stand van die sterre, die son en die maan. Okkultiste aanbid dikwels die rigtingslyn en beweging van hemelliggame as deel van hulle godsdienstige seremonies.

Behalwe vir die instelling van 'n eenwêreldregering, kan 'n mens saamstem met elkeen van die ander besluite.

HILLARY-GIFAPPEL

Toe Bill Clinton president was, het hy toegelaat dat Hillary gesag aanvaar oor 'n poging vir gesondheidsorghervorming. Maar selfs na dreigemente en intimidasie, kon sy nie die stem daarvoor kry in 'n Demokraties beheerde VSA Kongres nie. Hierdie fiasko het die Amerikaanse belastingbetalers ongeveer \$13 miljoen gekos aan studies, promosies en ander pogings.

Toe gee Clinton haar die gesag oor die keuse van 'n vroulike prokureur-generaal. Haar eerste twee keuses was Zoe Baird en Kimba Wood — maar weereens kon sy geen steun kry nie en albei is gedwing om hulle te onttrek.

Hillary besluit toe op Janet Reno besluit — en manlief Bill het dit later beskryf as sy ergste flater.

Van ons ouer lesers sal nog onthou dat dit Reno was wat die bevel gegee het om David Koresh en die Branch Davidian godsdienstige sekte in Waco, Texas aan te val en uit te wis. Die gevolg was die dood van dosyne vroue en kinders.

Manlief Bill het Hillary ook toegelaat om aanbevelings te maak vir die hoof van die Menseregtekommissie. En Lani Gaunier was haar keuse. 'n Onderzoek het egter daartoe gelei dat Gaunier se radikale sienswyses nie vir die kongres aanvaarbaar was nie en haar naam moes van die lys van kandidate wyder word.

Bill Clinton het nooit 'n les uit sy foute geleer nie en Hillary deurentyd vrye teuels gegee. Sy het haar gewese wetsvennote Web Hubbel aangestel as die hoof van die Departement van Justisie; Vince Forster (haar minnaar) as Bill se persoonlike raadgever en William Kennedy as hoof van Tesourie.

Dit het goed gegaan met haar keuses: Hubbel is



tronk toe gestuur, Forster het selfmoord gepleeg (hoewel dit vandag algemeen bekend is dat Bill Clinton hom laat vermoor het). Kennedy is gedwing om te bedank.

En toe was daar “Travelgate”. Hillary wou onbeperkte reiskontrakte vir Clinton se vriend, Harry Thimpson, hê — en die Withuis se Reiskantoor het geweier. Sy het hulle aan die FBI rapporteer en almal is afgedank. Dit het hulle reputasies geruïneer, hulle hul werk gekos en ’n dertig maande lange ondersoek veroorsaak. Net een werknemer, Billy Dale, is daarvan aangekla dat hy met die Withuis en ander persoonlike fondse ingemeng het. ’n Jurie het hom binne twee ure van enige misdaad vrygespreek.

Steeds nie oortuig van haar onbekwaamheid nie, is sy toegelaat om ’n huisvriend, Craig Livingstone, aan te beveel vir die pos van Direkteur van die Withuis-sekuriteit. Toe Livingstone ondersoek word vir onbehoorlike toegang tot sowat 900 FBI lêers oor Clinton se vyande en die wydverspreide gebruik van dwelms deur die Withuis personeel, het Hillary en Bill skielik ontken dat hulle Livingstone ooit geken het, asook dat daar ooit dwelms in die Withuis gebruik is, terwyl dit toe al lankal deur die media geleek is.

Die gevolge van hierdie debakel was dat die FBI skielik sy Withuis na meer as dertig jaar en sewe presidente, sy skakelkantoor gesluit het.

Hierna het “n string vroue na vore gekom met beskuldiging van seksuele teistering en verkrachtings deur Bill Clinton. Hillary is in beheer geplaas van die sogenaamde ‘bimbo eruption’ en skandaalverdediging. Sy het onder andere haar man aangeraai om nie in die met die Paula Jones-hofgeding te skik nie. Maar na die Starr-ondersoek het hy geen ander keuse gehad nie.

Hillary het geweier om die Whitewater dokumente vry te stel, wat daartoe gelei het dat Ken Starr as sp-

esiale aanklaer aangestel is.

Nadat \$80 miljoen belastingbetalergeld vermors is, het Starr se ondersoek die Monica Lewinsky-skandaal oopgevelek en bewys dat Bill Clinton gelieg het. Hy was toe gedwing om sy seksuele verhoudings in die openbaar te erken.

Die gevolg van Hillary se bose plan, was dat Bill Clinton sy lisensie om as prokureur te praktiseer, verloor het omdat hy onder eed vir ’n hooggeregshofjurie gelieg het, asook weens ’n reeks aanklagte deur die Huis van Verteenwoordigers.

Hillary het aanklagte vir meineed en dwarsboming van die gereg tydens die Starr-ondersoek vrygespring deur aanhoudend te herhaal: “Ek kan nie onthou nie”, “ek kan my dit nie herinnering nie” en “ek weet nie”. Sy het altesaam 57 keer onder eed gelieeg.

Nadat sy en Bill die Withuis verlaat het, is Hillary gedwing om ’n geskatte \$200 000 se Withuismeublement, porseleinenkunswerke watsygesteelhet, terugtegee. Wat ’n wonderlike kandidaat vir die pos van presidentskap! En die Amerikaanse publiek is gewillig om daardie verantwoordelikheid in die hande van ’n gewetenlose skurk te plaas.

Ook dra dit hulle goedkeuring weg dat Hillary ’n magdom hoogsgeheime e-posse tydens haar dienstyd as die VSA se Staatsgeneraal, vernietig het. Dit sluit o.m. in die ‘betaal en speel’-skemas van die Clinton Foundation.

Aan haar getroue ondersteuners kan ’n mens net vra: “Maak enigiets hoegenaamd nog saak?”

Om Hillary te kies as president van die VSA, is so goed as Satan vergiffenis te skenk en hom die sleutels van die hemel te gee.

MOSKEES VERVANG KERKE

Sedert 2000 het Frankryk 33 Christenkerke afgebreek. In die plek daarvan het moskees verskyn soos paddastoele na die reën. Dit is 'n natuurlike gevolg van die feit dat daar minder en minder Christene in Frankryk is. Hulle word deur Moslems vervang wat op die oomblik 'n gemeenskap van tussen 5 en 7 miljoen is afhange van of 'n mens praat van die amptelike of nie-amptelike data.

Die Moslemgemeenskap sal ongetwyfeld groei en daar is minstens twee redes daarvoor. Die eerste is hulle ongelooflike geboortesyfer. Die vrugbaarheid van Moslemvroue is baie hoër as enige ander groep. Die tweede rede is immigrasie. Baie van die immigrante wat na Frankryk kom, glo in Allah. Die regering het besluit as daar meer volgelinge van Islam in Frankryk is, is dit ook net logies dat meer moskees gebou moet word.



In hierdie konteks is dit die moeite werd om die woorde aan te haal van Dalil Boubakeur, die deken van die Groot Moskee in Parys. Hy het by die vorige jaar se konvensie van die Unie van Islamitiese Or-

ganisasies van Frankryk (UOIF) die verdubbeling van die aantal moskees in Frankryk geëis.

“Ons het 2 200 moskees en ons sal die getal moet verdubbel in twee jaar,” het hy tydens die amptelike toesprake gesê. Om sy versoek te regverdig, het Boubakeur opgemerk dat hierdie 2 200 moskees nie genoeg is vir die grootste Moslemgemeenskap in Europa nie.

Frankryk het sy kop in die oond gedruk en die gas oopgedraai. Dis net 'n kwessie van tyd, tensy die hele Europa tot hulle sinne kom. Die Franse regering het besluit om nog sowat 2 800 Christenkerke te sloop.

Dit is die gruwel van verwoesting (abomination of desolation), die altaar van Satan op die hoogste punt van die heiligdom van die Almagtige. Frankryk betaal vir sy misdade teen God. Slegs deur lyding sal die volke leer dat God se juk lig is en maklik om te dra. Die juk van Satan sal hulle dit leer.

Die bloedigste burgeroorlog lê en wag vir Frankryk, want slegs deur bloed sal daar redding kom.

JAPAN WEER GESKUD

Japan is vir die tweede agtereenvolgende dag deur 'n aardskudding getref. Daar was nie onmiddellike verslae van skade en beserings nie.

Die aardskudding het voorgekom naby die kus van Noord-Japan, 167 km van Miyako Stad, volgens die VSA se geologiese opname. Die Japannese Meteorologiese Agentskap sê daar was nie 'n bedreiging van 'n tsunami nie al was die aardskudding slegs 10 km onder seevlak.

Die skudding het net 'n dag gekom na die aardskudding van 5.3 wat noordoos Japan naby die kus van die Ibaraki prefektuur, suid van Foekoesjima getref

het.

Die manke Foekoesjima Daiichi kernkragaanleg, wat byna verwoes is deur 'n massiewe tsunami in 2011 nadat 'n wat hewige aardskudding Japan getref het. toon geen verandering in bestralingsvlakke na die skudding nie, lui die amptelike verslae, maar die aanleg is tans buitewerking.

Japan lê feitlik op die plek waar vier reuse-aardplate ontmoet, en hulle ervaar elke jaar relatief gewelddadige skuddings. Rigiede boureëls en die streng afdwing daarvan beteken dat selfs sterk skuddings min of dikwels geen skade aan huise en geboue aanrig nie.

Inteenstelling met hierdie nuutste skudding in die see, het die massiewe ondersese skudding in Maart 2011 'n ontsaglike stunami na Japan se noordoostelike kus gestuur. Meer as 18 000 mense is dood of word steeds vermis, terwyl drie reaktors in 'n toestand van versmelting is.

In April hierdie jaar het nog twee sterk aardskuddings Japan se Kumamoto prefektuur geruk en is gevolg deur meer as 1700 naskokke. Dit het 50 mense dood gelaat en wydverspreide skade aangerig.

WITTES DEMOONBESETE

'n Studenteraadslid aan de Unwersiteit van Pretoria (UP) het 'n inskrywing op Facebook gesê hy wil wit mense met 'n bazooka of AK—A7 doodmaak.

Luvuyo Menzlwa, die SR—lid vir studente finansies, het op Facebook vyf redes gegee waarom hy wit mense haat:

“Wit bevoorregting; Wit dominansie; Wit arrogansie; Wit monopolie kapitaal en Wit superioriteit.”

Na hy dié redes gegee het, het hy geskryf:

“F..K WHITE PEOPLE!”

Hy skryf verder dat hy die regte ding wil doen en 'n bazooka en AK-47 kry om die demoonbesete (demon possessed) mense dood te maak.

Kommentaar: Ja, dis doodnatuurlik dat die klong só hieroor sal voel, want almal haat mos “goeie eienskappe” in ander wat by hulle ontbreek, en al wat jy kan doen, is om hulle weg te wens. Maar klong Luvuyo weet dit sal nie gebeur nie, en nou moet sy bazooka en AK47 dit vir hom doen. Sela!

WÊRELDAMP DREIG

As die Duitse regering die dag sy volk oproep om voedsel- en watervoorraad vir minstens 10 dae op te gaar om voorbereid te wees vir 'n moontlike terroristiese aanval, is die tyd van speletjies verby, berig Reuters Persburo. Ook in die hoofstroommedia het die alarmklokke begin lui.

Maar dis nie net Duitsland wat sy bewoners waarsku nie; Rusland, Amerika, Tsjeggië, Finland en byna elke Westerse land is gewaarsku om voor te berei vir rampe. Oor die afgelope klompie jare is regering-sleiers en die elite besig om voedsel, water, ammunisie, ens. op te gaar. Sommige het reeds bunkers in lande soos Nieu-Seeland gekoop.

Die spanning is besig om wêreldwyd toe te neem. In die Suid-Chinese See grom Amerika vir Beijing oor territoriale regte. Aan die ander kant het Beijing op sy beurt so pas vir Tokyo gewaarsku om nie die 'rooi lyn' oor te steek om die Amerikaanse vloot naby die gebiedswaters van die herwonne Chinese eilande te gaan steun nie.

Intussen is Turkye besig om sy uittarting van Navo verder te voer deur Rusland toestemming te gee om die lugmagbasis Incirlik te gebruik, sou hy dit nodig

ag.

'n Anonieme skrywer is daarvan oortuig dat die Duitse regering se oproep om kos en water op te gaan, niks met 'n terroristiese aanval te doen het nie. "Dit gaan oor iets veel groter en veel erger," sê hy, maar hy wou nie verder daarop uitbrei nie, behalwe om by te voeg dat die mensdom op die randjie van totale uitwissing — iets wat in geeneen van die twee vorige wêreldoorloë eers 'n moontlikheid was nie. En dit lyk nie asof enige van die sogenaamde leiers hulle daarvoor kwel nie. Intendeel, hulle is hard besig om hul arsenaal van kernwapens gereed te kry vir daardie uitwissing.

Gedurende die afgelope somer het Rusland sy magte aan die oosgrens van die Krim met 40 000 soldate, gewapen met swaar artillerie en lugsteun, versterk. So pas het Poetin sy mees gevorderde s-400 missiel, met 'n reikafstand van 400 kilometer, ook daar ontplooi.

Die oorlogswolke pak elke dag digter saam en daar word allerweë bespiegel dat die 3de Wêreldoorlog op 8 Oktober gaan uitbreek.

Selfs Obama het op 31 Mei vanjaar die Amerikaanse volk op 'n vergadering van Fema gewaarsku om gereed te maak vir 'n ramp en grootskaalse ontwrigting aan-aan die kom is:

"Dit is elke burger se plig om vir voor te berei vir rampe; soos om 'n ontruimingsplan in plek te hê en om 'n volledige rampvoorraad gereed te hê; want as die plaaslike owerheid jou aansê om te ontruim, moet dadelik kan doen.

Die tragiese is dat in Suid-Afrika word sulke waar-

skuwing verwerp as geklike Siener-praatjies, want die werklikheid wil hulle nie in die oë kyk nie!

VAALDAM DROOG OP



In Deneysville in die Vrystaat het die Departement van Water- en Sanitasie Suid-Afrikaners gewaarsku om water spaarsamig te gebruik, aangesien een van die land se hoofwatervoorraadbronne, die Vaaldam, op die oomblik slegs 34% vol is. Dit is die laagste wat dit in jare was.

Booteienaars is verplig om hul bote uit die water te haal omdat die watervlak so laag is. Die inwoners sal binnekort ook baie meer vir water moet betaal. Amptenare sê hulle het nog nie 'n waterkrisis verklaar nie omdat hulle hoop op 'n goeie reënseisoen. Maar volgens die Weerburo is die kans baie skraal, aangesien nog 'n droë seisoen meer waarskynlik is.

AFSKEID EN TROOS

'n Tyd gelede het my oudste broer en sy vrou van Pretoria vir ons kom kuier, en die dag toe ons daar by die bushalte afskeid neem, het hy my hand geskud en gesê: "As ons uitgespaar word, sien ons mekaar



weer volgende jaar hierdie tyd....”

Ek ken dié uitdrukking al van kinderdae af. Want afskeid laat altyd ’n gevoel van gemis agter — ’n leemte en weemoed wat jou soms dae lank bybly. Die skrywer WA de Klerk het dit so uitgedruk: “Afskeid is die klein dood.”

Maar altyd is daar ook die hoopvolle troos: ons sal mekaar weer sien.

My eerste kennismaking met ‘afskeid’ was as 13-jarige toe ek met die trein van Lichtenburg-stasie af Johannesburg toe is. Pa en Ma het my vroegdag op die stasie afgesien, en ek kan nou nog onthou hoe Ma my vasgehou en ons saam gehuil het asof ons mekaar nooit weer gaan sien nie. Toe het Pa hier langs my kom staan en op sy rustige manier gesê:

“Ou seun met die eerste skoolvakansie kom jy mos weer huis toe, jong.”

En skielik was die afskeid nie meer so finaal nie.

Daardie aand by die koshuis maak ek toe my tas oop en heel bo-op lê die Bybel wat Ma die vorige dag met bruinpapier oorgetrek het. Op die eerste bladsy het sy in drukskrif geskryf: EER JOU VADER EN MOEDER DAT JOU DAE VERLENG MAG WORD. (Eksodus 20:12).

Eers jare later sou ek besef dat daardie woorde van Moses oneindig dieper strek as om maar net aan jou biologiese ouers eer en respek te betoon. Dit vra veel, veel meer, en dis ook glad nie skaam om byna bowe-menslike offers van jou te eis nie, want ingesluit in hierdie eerbetoon, is die behoud van wie en wat Hy jou gemaak en aan jou toevertrou het: die vaderland waarin jy woon; agting en respek vir jou herkoms, jou erflike identiteit, jou karakter en beginsels wat altyddeur geheilig moet word. En, ja, ook om dit sônder skaamte aan die ganse wêreld, maar veral aan jou vyande, as spieëlbeeld voor te hou.

Juis daarom vra dit ook dat ons dit wat die voorsate aan ons nagelaat het (en ek praat nie nou van materiële wins en klatergoud nie) met trots sal koester en bewaar, sal uitbou en veredel sodat ons kinders bevoorreg sal wees om, net soos ons, die goeie druif van ’n edele wingerd te geniet.

Geloof, taal, wette en kultuur is die bestanddele wat die Boervrou saamvoeg om deeg vir die volksbrood te maak, en sou een van die bestanddele afgewater of weggelaat word, verloor die brood sy unieke volksgeur en -smaak.

Vir die Landbouer is dit weer die juk, strop en swingel waarmee hy sy trekdiere voor die volkswa inspan. Gebeur dit dat ’n juk, strop of swingel breek, verloor ’n trekos sy krag en die wa sy momentum.

Tot en met Tsafendas se dolksteek in Dr. Verwoerd se volkshart, het ons saam met hom vader en moeder geëer, saam die goeie Gawes uit óns Vader se hand ontvang en geniet.

Maar sedert 27 April 1994 probeer ons tevergeefs verstaan waarom so baie van ons vaders en moeders, ons jongelinge, ons dogters en seun se dae so wreed verkort word in die land wat Hy aan ons gegee het. Ons spandeer duisende om ons te beveilig. Ons huise is in versterkte tronke verander om die nuwe broers wat ons so lief het, buite te hou; ons motors is met sirenes en ratkasslotte toegerus om te keer dat hulle dit nie steel nie; vrees vir hulle oorskadu ons. En oraloor word ons teen hulle gewaarsku: in die koerante, op TV, in duisende e-posse en op kennisgewingborde lees en hoor ons daaglik:

“Moenie sommer by jou huis uit jou motor klim nie, kyk eers rond of dit veilig is. Moenie langs die pad stilhou nie. Vroue moenie alleen in die nag rondry nie. Laai jou kind by die skool af, dis te gevaarlik vir hom/haar om te loop. As hulle jou in die straat aanval en beroof, moenie jou probeer teësit nie, laat hulle maar jou besittings vat, jou lewe is meer werd. Hulle



is altyd gewapen. Die banke gebruik pantservoertuie en gewapende wagte om geld na en van banke te vervoer. Selfs jou bankbestuurder waarsku jou met 'n nota by sy kitsbank om nooit hulp van hierdie broers te aanvaar nie, want hulle sal jou beroof, selfs doodgemaak vir jou hand vol note en selfoon.

Soggens groet ons en ons kinders mekaar asof daar nie 'n weersiens gaan wees nie.

Ons gaan slaap met 'n vuurwapen onder die kussing, en staan op met 'n dankgebed dat ons nog lewe. Hulle is ons broers en ons het hulle lief, baie, baie liewer as ons eie volksgenote. Maar ons gaan elke môre tegemoet met die angsvolle, blinde hoop dat hulle ons nog hierdie dag sal uitspaar, genadig sal wees. En word ons tog deur hulle aangeval, pleit en soebat ons dat ons lewe gespaar moet word.

Ons durf dit nie meer van God afpleit nie, want het ons Hom nie al in 1994 ons parlement, ons skole en selfs ons binnekamer belet nie?

Nadat die Messias sy dissipels verlaat het, was dit HOOP wat hulle in daardie ure staande gehou het.

Drie jaar lank het hulle saam met Hom die stofpaaie van Galilea bewandel, was Hy die een na wie hulle daagliks opgekyk het. In die storm kon hulle Hom gaan roep en vra om te help; toe daar nie kos vir 5 000 was nie, moes Hy voorsien; toe Petrus se skoonma siek gelê het aan koors, was Hy die Geneesheer. Toe die Jode Hom by geleentheid probeer vastrek het, het Hy hulle op hul plek gesit; en daar in die tempel het Hy die sweep inlê om die geldskieters en boosdoeners te verjaag.

Maar na sy afskeid en Vertrek op die wolke, was die 12 skielik ook van mens en God verlate, heeltemal alleen, verward, onseker en angsbevange.

En het hulle – uit vrees vir die Jode – agter geslote deure gaan wegkruip.

Toe stuur Hy vir hulle sy Trooster. En skielik het hulle geweet: die AFSKEID was nie finaal nie. Hy kom weer terug — want weersiens is die blye verwagting op die pad wat hulle met Hom geloop het.

Op daardie pad is geen afskeid ooit finaal nie, en dit loop na groen weivelde, na waters waar rus is.

My Pa het eendag gesê “Die huwelik is soos twee perde wat voor 'n kapkar ingespan is. As hulle van die wegspringplek af soos 'n span saamtrek, saam teen die steil bulte uitbeur, saam teen die afdraandes breek, en op die gelyk pad saam galop, sal hulle aan die einde van die reis saam by die laaste watergat uitspan...”

Vir my volk wil ek ook graag sê: Ons het saam die smal pad gekies en daarop vertrek, saam die bulte uitgebeur, saam teen die afdraandes breek aangedraai en op die eensame, oop vlaktes saamgestap en mekaar bemoedig en vertrous met die wete: ons bestemming is ook die Laaste Watergat. En dáár, voor die poorte van die Nuwe Jerusalem, sal ons saam uitspan, saam sy Huis binnegaan, en saam met Hom die Bruilofsmaal geniet.

Gebed van 'n gebroke volk

Ons wil nie net aan ons kinders vertel ons was u oogappel nie;

Ons wil nie net aan hulle vertel van al u goeie gewes nie;

Ons wil nie net aan hulle vertel van 'n land wat óns land was nie;

Ons wil nie net aan hulle vertel toe U alléén ons Vader was nie;

Ons wil net saam met hulle aan u voete gaan neerbuig en pleit:



Laat ons tog weer soos van ouds u oogappel wees;

Laat ons weer soos ons vadere vir U 'n altaar bou;

Laat ons weer as volk U alleen ons pandhouer maak

—

Laat ons weer U Naam oor ons kinders uitroep.

Laat ons weer ons hand in u sterke hand lê;

Want ons wil weer die skape van u weide wees;

En ons wil wéér kan sê: U alléén is onse Vader...



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za